# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAN

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII | OCTOBER 2023 | No. 04


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**SPREUKE 24:1-10**

1. Moenie slegte mense beny nie, moenie by hulle wil wees nie;
2. al waaroor hulle dink, is geweld, en al waaroor hulle praat, is moeilikheid maak.
3. Daar is verstand nodig om 'n huis te bou, insig om sy fondamente te lê,
4. kennis om sy kamers te vul met allerhande kosbare en mooi goed.
5. Dit is die wyse man wat sterk is, die een wat kennis het, wat werklik mag het.
6. Jy maak oorlog ná beraadslaging, en die oorwinning kom deur baie raadgewers.
7. Wysheid is bo 'n dwaas se begrip; hy kan dit nie waag om sy mond oop te maak waar leiers beraadslaag nie.
8. Een wat beplan om kwaad te doen, kry die naam van 'n knoeier.
9. 'n Dwaas se geknoei loop op niks uit nie; mense verafsku 'n ligsinnige mens.
10. As jy weifel op die dag van nood, is jy nie opgewasse daarvoor nie.

# JY HET 'N GODDELIKE ROEPING TOT *BUITENGEWONE* DADE!

***Ds. Angeline Selvakumari***



Daniël 11:32 herinner ons dat God ons nie geroep of gemaak het vir 'n alledaagse lewe nie.

**"Maar die mense wat God dien, sal sterk staan teen hom (die koning van die noorde)"** (Die Boodskap, Daniël 11:32).

Hy wil hê sy mense moet geestelik volwasse wees en hul geloof vertoon deur aksie, weerstand bied of uitdagende omstandighede die hoof te bied.

Jesus het geweet dat om buitengewone geloof te bekom is nie deur gewone maniere moontlik nie, en daarom het Hy die Heilige Gees belowe wat ons sal krag gee om ons geloof te lewe.

Handelinge 1:8 sê: "Julle sal krag ontvang (die Heilige Gees) wat julle my getuies sal laat wees en julle geloof sal vertoon in elke omstandigheid." As ons die dissipels se lewens ondersoek, sal ons 'n

*....verv. op.bls.* 4




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – 5.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## *van julle geliefde broer...*

REACHING NATIONS



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**

**Pastor Alex Samson Sam,** B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**

**Bro. N. Prakasam,** M.A., General Manager
**Dr. Rabinder Boaz,** M.S.
**Bro. K. Puratchivendan**

**EDITORIAL BOARD**

**Sis. Jesy Veena Sam**
**Sis. Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.
**Dr. A. Richard Samuel,** M.A., Ph.D.
**Sis. Sajini Cherian**
**Rev. Dr. K.R. Rajasekaran**



**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**

**Pastor S. SAM SELVA RAJ**
**Echo of His Call Printers**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**E.mail ID**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


> **"Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het."** - Psalm 62:12



**Dr. A. Richard Samuel**

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die onvergelyklike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus. Dit is vir ons hartseer om te noem dat ons geliefde broer, Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D., hulpredakteur van **Echo of His Call** Engels, op 30 Augustus 2023 in die heerlikheid opgeneem is. Hy was tot dan ongesteld. Hy het lank saam met ons bedien met geskrifte, preke en berading. Bid asseblief vir sy vrou, kinders en kleinkinders gedurende hierdie seer tyd.

Volgens 2 Timoteus 4:2 wat sê: **Verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig,** strewe ons daarna om die Woord van God op allerlei maniere te verkondig:

- Hou van kerkdienste in verskeie tale
- Publisering van ons **Echo of His Call** nuusbrief in 16 tale
- Aanbieding van Bybelkursusse per pos (**BYBELOR**) in drie tale: Tamil, Engels en Hindi
- Voorsiening van **Teologiese Korrespondensiekursusse** deur afstandsonderrig in Tamil en Engels
- Bestuur van drie Bybelkolleges: **Nehemia Bybelkollege** (voltyds en aandklas) in Hindi en Tamil
- **St. Paul Matrikulasieskool** (Village High School), waar studente in Engels onderrig word
- Bedryf van 'n moderne vlakdruk Drukpers wat in 16 tale kan druk teen hoë spoed
- Organisering van sosiale opheffingsprogramme vir die armes
- Bestuur van veldtogte in verskeie tale
- Onderhouding van **Echo of His Call** YouTubekanaal, waar die geliefde evangelie van Jesus Christus gepreek word in Tamil, Engels, Telugu en Hindi.

Ons het goeie resultate gekry, en gee eer aan God die Almagtige vir sy genade. Ons dank gaan ook al almal wat ons bediening ondersteun.

## Die groei van die YouTubebediening!

In die verlede was daar 'n geloof in die geesteswêreld dat ons die jongste tegnologiese uitvindsels moet vermy, soos televisie, internet,

selfone en YouTube. Ons het ook so gedink. Maar, deesdae steun gewone mense nie meer op tradisionele bronne soos koerante, radio en boeke nie. Hulle woon ook minder geestelike byeenkomste persoonlik by en neem deel aan aanlyn geestelike dienste.

## Mobiele en Selfone

Mense van alle ouderdomme, kinders tot volwassenes tot oues, ongeag hul finansiële status, besit een of meer mobiele fone. Elke foon het dikwels meer as een SIM-kaart. Daar is wêreldwyd miljoene sulke instrumente in gebruik.

Om duisende mense gelyktydig te bereik, gebruik ons hierdie mobiele fone wat tevore nie deur geestelike indiwidue aanvaar is nie. Hoewel daar negatiewe gevolge is met hulle gebruik, gebruik ons tog selfone om die moderne mensdom met die Evangelie te bereik. Wanneer mense selfone gebruik om te kyk en luister na wêreldnuus en vermaakprogramme, het hulle ook die geleentheid om na evangelie-boodskappe te luister. Vroeër jare het ons die Here se boodskap vir 15 minute op TV gepreek, selfs tydens die uitsending van rolprente, dramas en wêreldnuus. Hierop het ons positiewe reaksie gekry, en so het daar baie voltydse Christelike kanale ontstaan. Dit is onbetwyfelbaar dat ons voordeel getrek het uit hierdie ontwikkeling.

Hoewel selfone gevaarlike instrumente kan wees, het ons **Echo of His Call** YouTubekanaal geskep met die bedoeling om mense te red wat op pad was na ewige verlorenheid en selfmoord gedagtes, deur die krag van Jesus Christus met hulle te deel. Ons saai 'n kort boodskap uit elke oggend vyfuur in Tamil, Engels, Hindi en Telugu om die mense van hierdie wêreld te red. Al is miljoene mense vasgevang is in die gebruik van hul selfone in wêreldse dinge, kan dieselfde instrument gebruik word om hulle te red van die gevolge van 'n lewe sonder Christus. Daarom bedien ons hierdie mense deur hierdie tegnologie, en mense van alle stande oor die hele wêreld trek voordeel daaruit, en vind rus in die liefdevolle sorg van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

## Ons gee graag hier 'n paar getuienisse

***"Ek het geestelik moeg en afgemat gevoel. Julle boodskap het my vertroos en opgehef."***

***"As gevolg van verskeie ellendes in my lewe wou ek nie meer leef nie. Julle gebede op YouTubekanaal het my wil om te lewe versterk."***

***"Ek was siek en bedruk. Julle getuienisse op YouTubekanaal het vir my genesing gebring."***

***"Ons het as gesin geluister na julle boodskappe en saam gebid. Ons het gemeensaamheid en genesing in ons gesin ervaar."***

***"Ek is 'n afgetrede dienaar van God. Julle YouTubekanaal het vir my baie werk gegee. Ek kyk na al julle boodskappe in Tamil, Telugu, Engels en Hindi, en dan stuur en deel ek dit met al die groepe waarin ek betrokke is. Dit het my voltydse werk geword. Dis 'n baie goeie bediening, en julle boodskappe is werklik geseënd, en red die lewens van miljoene mense oor die wêreld. Hou aan daarmee. Ek waardeer julle harde werk van die afgelope 55 jaar se bediening, want ek ken julle al vir 50 jaar."***

***"Sedert ons na julle boodskappe begin luister het op julle YouTubekanaal elke oggend, het ons kerkdienste gereeld bygewoon en ons Here Jesus Christus aanbid in gees en waarheid. Na die luister na julle YouTube-boodskape, begin ek my persoonlike en gesinsgebede voordat ek enigiets anders doen."***

Ons het tallose reaksies gekry van mense wat soortgelyke impak beleef het. Daarom het ons hierdie YouTubekanaal bediening begin. Bid dat God se wil gedoen sal word.

Ons is dankbaar vir hierdie getuienisse en verheug ons in die impak wat ons bediening gehad het op mense oor die wêreld.

## Jou Take

As jy belangstel, teken asseblief in op ons **Echo of His Call** kanaal met hierdie selfoonnommer: +91-98410 71858.

Jy kan my persoonlik kontak op WhatsApp en Selnommer by +91-98412 71858.

Stoor hierdie twee nommers in jou selfoon, want ons wil graag goeie kontak met jou behou. Ons vra vriendelik vir julle gebede vir elkeen wat in hierdie bediening saamwerk.

Verder verwelkom ons voorstelle en ondersteuning sodat ons die bediening kan verbeter en bemoedig word om voort te gaan.

Daar is ook verskeie geestelike aanslae, en baie mededienaars van God wat saam met ons werk word aangeval met verskillende swakhede in hul liggame. Ons bid vir God se beskerming oor jou. Mag God se genade by jou wees. Amen!

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

merkbare verskil opmerk van voor en nadat hulle die Heilige Gees ervaar het. Petrus, wat Jesus drie keer verloën het voor 'n klein groep mense, kon die Goeie Nuus vrymoedig preek voor duisende mense. Waar het hy die moed gekry? Dit was die krag van die Heilige Gees wat in hom gewerk het.

**Geloof wat werk!**

Handelinge 3 gee 'n lewendige beskrywing van die herskeppingskrag van die Heilige Gees en hoe Hy 'n gewone mens kan omkeer tot 'n buitengewone een net deur sy geloof te lewe. Dit gee 'n voorbeeld van wat gebeur wanneer ons ons geloof in aksie laat gaan. Hierdie verhaal vertel van die eerste wonderwerk deur die dissipels nadat hulle die krag van die Heilige Gees ontvang het.

## Handelinge 3: Petrus en Johannes

### KOM ONS ONDERSOEK HIERDIE GEDEELTE:

Dit was seker maar 'n gewone dag in Petrus en Johannes en die lam man se lewe – om makliker te volg, kom ons noem die lam man Tom.

Hulle drie het seker maar hul gewone daaglikse dinge gedoen, reggemaak om tempel toe te gaan. Petrus en Johannes het die Here gaan aanbid, terwyl Tom 'n bron van inkomste gaan soek het. Nie een het geweet wat God vir die dag beplan het nie. Ek dink nie hulle het besef dit gaan 'n lewensveranderende dag wees nie.

### AGTERGRONDSTORIE:

Petrus en Johannes het soos hulle gewoond was tempel toe gegaan. Op een so 'n dag sien hulle vir Tom wat by die tempelingang sit waar mense hom elke dag kom neersit het sodat hy daar kon bedel. Tom kon van geboorte af nie loop nie en was nou omtrent 40 jaar oud. Hy was seker populêr en wel bekend onder die Jode van die omgewing. Honderde mense het daar heen en weer geloop, hom gesien, en sommige het seker iets gegee en ander het net verby geloop.

Die hartseer is dat Tom seker die meeste van sy leeftyd daar buite die tempel gesit het. As jy hom sou vra, kon hy dalk vertel van al die gebruike en tradisies van die tempel, al die name en familie-besonderhede van die mense wat tempel toe gekom het. Dalk het hy al die leiers geken en al die liedere wat daar gesing is al die jare wat hy daar gekom het. Hy het seker ook so baie preke gehoor, maar was steeds buite, by die hek. Niemand het hom binne toe gevat nie.

Klink dit bekend? Sommige van ons is so. Ons weet wie God is, het gehoor van sy wonderwerke, sy verstommende krag, en ons het so baie boodskappe gehoor en liedere gesing. Maar ons staan steeds buitekant sy teenwoordigheid, nie in staat om 'n persoonlike ontmoeting met God te hê nie. Sommige van ons sing oor ons vergane glorie. So was ons, of dalk bietjie anders, maar wat van nou? Waar is ons wandel met Christus? Is jy binne of buite sy teenwoordigheid?

Daar was niemand om Tom binne toe te vat nie. As jy iemand is buite God se teenwoordigheid, ver weg, ver, mag hierdie boodskap jou naby God se teenwoordigheid bring.

Skielik daardie dag toe Tom nog geld vra soos hy gewoond was om te doen, kyk Petrus na hom, in die oë, en sê: "Kyk na ons." Wat het Petrus so na hom laat kyk? Dit lyk nie of Tom vir Petrus en Johannes iets ongewoons gevra het nie. Net maar sy gewone versoek aan almal wat verby loop. Maar, Petrus wou

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

ECHO OF HIS CALL 1968-2018 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Regd. Candidate for Membership ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI ECHO OF HIS CALL ★ Estd. 1969

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Diploma in Ministry : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**
**B-graad in Teologie : Drie Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Oktober 19 Tot 2023 November 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Oktober 19** ➲ Sy seën op ons toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Oktober 20** ➲ Sy seën in die verspreiding van die evangelie na die onbereikte groepe deur ons tydskrifbediening.

**Oktober 21** ➲ Sy hulp met die aanbieding van die Jaarlikse konvensie om die 55ste jaar te herdenk.

**Oktober 22** ➲ Die aktiwiteite van ons **Echo of His** Call-bediening in die afgelope maand.

**Oktober 23** ➲ Die moontlikheid om ons tydskrif te kon druk en uitgee in 16 tale en te kon stuur na die sendingvelde.

**Oktober 24** ➲ Sy genade aan ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsgenote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne.

**Oktober 25** ➲ Die groei van ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus.**

**Oktober 26** ➲ Die seën op ons Hulpredakteurs en hul gesinne.

**Oktober 27** ➲ Beveiliging van ons **Echo of His Call-bediening** se personeel en gesinne.

**Oktober 28** ➲ Senior Pastoor se toewyding om die evangelie te versprei deur veelvuldige bedienings.

**Oktober 29** ➲ Beskerming van ons nasie.

**Oktober 30** ➲ Dat ons ander bedienings ook kan ondersteun.

**Oktober 31** ➲ Ons ondersteuners en hulle deelname aan ons bediening.

**November 01** ➲ Al die aktiwiteite van ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege** en **Teologiese Korrespondensiekursus.**

**November 02** ➲ Voorsiening in die behoeftes van die mense betrokke by die druk van Bybels en Christelike leesstof oor die wêreld.

**Oktober 03** ➲ Seën op ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin met Goddelike beskerming en goeie gesondheid.

## Bid asseblief vir ...

**November 04** ➲ Goddelike vertroosting vir die bedroefde gesin wat rou oor die afsterwe van ons Engelse Medeweker Dr. A. Richard Samuel.

**November 05** ➲ Die welsyn van **Echo of His Call** gelowiges en hul gesinne wat deel is van die Hoofkerk en sy vertakkings.

**November 06** ➲ Die beskerming van kinders en jongmense teen dwelmverslawing.

**November 07** ➲ Beskerming en goeie gesondheid van ons Hulpredakteurs en hul gesinne.

**November 08** ➲ Die dissipline en toewyding van ons studente by ons voltydse en aandklas Nehemia Bybelkollege.

**November 09** ➲ Die geleentheid en volgehoue leiding vir ons Senior Pastoor om sy outobiografie te skryf.

**November 10** ➲ Eenheid en vrede in alle lande.

**November 11** ➲ Die veiligheid versorging vir mense oral op die aarde.

**November 12** ➲ Dat ons die onbereikte groepe in Indië kan bereik.

**November 13** ➲ Goeie gesondheid vir ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**November 14** ➲ Die uitroei van kinderhandel wêreldwyd.

**November 15** ➲ Seën en beskerming van alle Christelike organisasies en Kerke.

**November 16** ➲ Beskerming en goeie gesondheid vir die personeel by Echo of His Call-bedienings.

**November 17** ➲ Die voorkoming van die verspreiding van Covid-variante, soos Omicron en BA.2.86.

**November 18** ➲ Magtige wonderwerke en tekens in alle Christelike bedienings.

*verv. v. bls.4*

Tom se volle aandag hê want hy het geweet iets belangriks gaan in albei van hulle lewens gebeur. Hy was op die punt om sy geloof in aksie te sit. Daarom vra hy toe Tom se volle aandag.

Wanneer die Heilige Gees kom, gee Hy vir ons die mag om ongewone en groot dinge vir God te doen. Hul geloof het begin werk. Geloof in aksie. God verwag dat ons geloof Buitengewone geloof sal wees.

## 1. BUITENGEWONE GELOOF vra BUITENGEWONE VISIE – om verby die sigbare te kan sien.

Petrus het Tom gesien verby sy fisiese toestand. Hy was liggaamlik gestrem, 'n bedelaar, met geen finansiële status nie, en moes staat maak op iemand vir sy daaglikse verantwoordelikhede. Petrus kon vir hom 'n paar muntstukke gegee het en aangeloop het om te gaan aanbid, maar hy het besluit om te wag en tyd aan hierdie man te bestee. Hy was dalk haastig om in die tempel te kom, maar hy het tyd gevat vir hierdie man. Het ons tyd vir die mense rondom ons, of is ons te besig met al ons eie dinge? Sommige van ons is so gefokus op ons persoonlike, professionele en geestelike lewens dat ons nie die nood van ander reg rondom ons raaksien nie.

Hier sien ons Petrus het gewag om in te gaan tempel toe, net vir een man. Ek dink hy het dit by sy Meester geleer – stop vir Een man!

Jesus het GESTOP VIR EEN man in die wilde vyeboom. Jesus het gestop vir een vrou wat vir 12 jaar al gebloei het. Hy het al die pad geloop om een vrou by 'n put te ontmoet. Hy het 'n hewige storm deurgemaak om een geestelik versteurde man naby Dekapolis te sien. So, Petrus het iets besef van die belangrikheid van een man! Kom ons kyk na onsself. Wanneer laas het ons vir iemand gestop om liefde, sorg of aandag te gee?

Petrus kon verby die man se fisiese nood kyk na die nood van sy geestelike bevryding. Hy se: "Kyk na ons." ... en hy kyk hom in die oë ... Kan ons verby mense se fisiese omstandighede sien? Dikwels is ons veroordelend. Ons besluit wie het Jesus nodig en wie nie. Ons hoor gereeld woorde soos "hy sal nie luister nie" of "wie sal met hom praat"; selfs wanneer ons kies om ons getuienis te deel, is ons kieskeurig. Ons besluit op grond van uiterlike voorkoms of iemand Jesus nodig het of nie!

As ons ons buitengewone geloof wil leef, moet ons begin sien met buitengewone visie – verby wat ons met die blote oog kan sien.

Tom het geen wonderwerk verwag nie, en Petrus het nie 'n genesingsdiens beplan nie; dit het so gebeur omdat hulle gewillig was om hul buitengewone geloof te leef. Is jy gewillig om dit te doen en jou geloof in aksie te sit?

Kyk om dieper te kan kyk. Wanneer laas het jy mense om jou "dieper" raakgesien – jou kerklidmate, verby wat hulle is, waar hulle vandaan kom, en hoe hulle lyk? Vat bietjie tyd om dieper te kyk!

Barnabas het iets dieper en spesiaal gesien in Saulus en Johannes Markus. Mag God ons die visie gee om mense te sien verby hul fisiese uiterlike voorkoms en diep te kyk in hul geestelike nood.

## 2. BUITENGEWONE GELOOF GEE BUITENGEWONE MOED!

Die meeste van ons verkies om veilig te speel en by ons roetines te bly, in ons gemaksones. Veral


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Diploma in Ministry : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

soos ons ouer word, word sommige minder avontuurlustig, en ek sluit myself hier in. Ek het gewoonlik deelgeneem aan baie mallerige en avontuur aktiwiteite, soos wilde ritte en rolwaentjies (roller coaster), om die onverwagte te geniet. Maar mettertyd het my perspektief verander. Ek het myself af gevra waarom ek sulke onnodige risiko's loop en was sal gebeur as iets verkeerd gaan. Soos ek verkies baie van ons om aan die veilige kant te bly.

Petrus kon die man maar net geïgnoreer en aangeloop het deur met Johannes te praat, soos baie van ons doen, veral as ons nie kleingeld het nie. Maar hy het 'n waagmoedig gesê: “Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het sal ek vir jou gee.”

Dit was nie net waagmoed nie, maar buitengewoon. Petrus het sy geloof met hierdie man gedeel. Hierdie gebeurtenis is soortgelyk aan Handelinge 14:8-19, waar Paulus 'n lam man genees het. Maar die verskil is dat die man wat Paulus genees het, “geloof vir genesing” gehad het, terwyl die Bybel nie so iets noem by Tom se geval nie. Ieder geval, Petrus en Johannes het moedig hulle geloof in hierdie man se lewe ingesaai.

God roep ons om geloof in die lewens van diegene om ons in te saai. Doen ons dit? Meeste van die tyd is ons tevrede om ons geloof te deel met die wat reeds glo, maar is huiwerig wanneer ons dit kan doen met mense van ander geloof of selfs geen geloof.

Liewe vriende, dit is tyd dat ons ons geloof saai in die lewens van diegene om ons. Kom ons belê ons tyd in die saai van geloof in iemand se lewe.

Petrus het die moed gehad om sy onwrikbare geloof te leef. Hy het nie 'n oomblik getwyfel oor wat sou gebeur as die man nie sou


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

**1. BIBLECOR** **Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

**2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE**

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## DIE HERE WAT SY BELOFTES HOU!

Die Here het my geroep vir sy heerlike diens in die jaar 1969, en weer in 1971. Hy het my bemoedig met sy beloftes in Jeremia 51:20-23

**"Jy was my hamer, my oorlogswapen; Ek het nasies met jou verslaan, Ek het koninkryke met jou vernietig; Ek het perde en ruiters met jou verslaan, Ek het strydwaens en bemannings met jou verslaan, Ek het mans en vrouens met jou verslaan, oumense en jongmense, jongmanne en jongmeisies, herders en kuddes, boere en trekdiere, goewerneurs en gesagdraers."** Hierdie beloftes het Hy vervul in my bediening, terwyl **Echo of His Call** al hierdie areas omring, funksioneer elkeen tans as 'n afsonderlike bediening. Ons Here is getrou aan sy beloftes.

Laat ons getuig van die vervulling van hierdie verse: **"Jy was my hamer, my oorlogswapen ... met jou het ek goewerneurs en gesagsdraers gebreek."**

Toe ek in diens van die Regering was tussen 1978 en 1980, het ek gebly in die regeringsamptenare se toegewysde kwartiere naby Chennai Strand. In daardie tyd het ek 'n groot saal bo gehuur waar ek die Evangelie gepreek het vir die regeringsamptenare wat

**"Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie" - Jes 54:17**

in die omgewing gebly het. Baie hoë rang amptenare is deur God aangeraak en is in siel en liggaam geseën.

Telkens as ek die geleentheid gekry het, het ek ook opelug byeenkomste gehou. Maar daar was mense wat nie van my gehou het nie en het ander opgestook om my werk te onderbreek. Hulle het op 'n afstand gestaan en skreeu om my af te skrik. Soms het hulle my selfs omring terwyl mense saamgekom het vir my byeenkomste. Hulle het gekom met motorfietse en wapens in hul hande geswaai. Ek het selfs fisiese aanvalle beleef wat my verskrik gelaat het. Daarby het hulle die verhuurder van die saal genader en hom oorreed om die huur te kanselleer.

Ten spyte van dit alles het die Here my nooit verlaat nie. Hy het begin om my posisie te verhoog, en sy magtige hand was altyd by my. Ek het tot God gebid, vergifnis gesoek vir hulle wat my teengestaan het en gevra vir hulle redding. Tog kon ek nie veel van hulle ontmoet nie. Andersins het ek 'n paar ontmoet, en die Here het hulle ook ontmoet en gered.

Dit is soos die Psalmis sê: **"Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil."** (Psalm 34:9).

*******

---

genees nie. Hy het met vertroue gesê: "Staan op en loop!" Die man het blykbaar nie hierdie opdrag van Petrus verstaan nie. Die volgende vers sê Petrus het hom toe aan die hand gevat en hom opgehelp tot hy staan. Dit is toe dat hy besef het hy staan en kan loop.

Petrus het gesê: "Staan op en loop!" Vandag is daar mense wat vir ons wag om hulle op te help, hul regterhand te hou. Hulle is so naby om in God se teenwoordigheid te kom, maar wag steeds buite die hek. Dit verg buitengewone moed.

Petrus en Johannes was nie gesteur deur Tom nie, maar het hom eerder gesien as iemand wat hulle die evangelie met krag laat preek het en die mag van God gedemonstreer het.

Dit is belangrik vir Christene om hulself nie af te sonder in hul geloofswandel nie. Dit is wel goed om alleentyd met God te hê, maar dit ewe goed om tyd en inspanning en hulpmiddels in ander te belê. Praat lewe met buitengewone moedigheid in die lewens van diegene om jou, en die wat jou paaie kruis. Moenie veilig speel nie!

## 3. BUITENGEWONE GELOOF bring BUITENGEWONE UITDAGINGS!

Onwrikbare geloof lei tot buitengewone geloof, en dit bring weer buitengewone uitdagings. Die Christen-pad is vol allerlei uitdagings, en nêrens in die Bybel word dit voorgehou as 'n pad van maanskyn en rose nie. Ons moet

onsself verloën en ons kruis opneem.

Na hierdie lewensveranderende wonder is Petrus en Johannes nie geëer of opgehemel nie, maar gearresteer. My liewe vriende, die satan sal elke moontlike hindernis bring om te keer dat ons God se verlangde doel met ons lewens bereik. Maar, geen menslike mag of selfs uit die hel kan God se plan vir ons keer nie.

Petrus en Johannes is tronk toe, ernstig gedreig en beveel om nie oor Jesus te praat nie, maar niks kon hulle keer nie.

My liewe vriende, buitengewone tyd vra vir buitengewone maatreëls. Wanneer ons geloof in aksie gaan mag ons dalk meer probleme en uitdagings teenkom, maar ons moet in die geloof vasstaan. Ons beloning is in die hemel, daarom moet ons getrou bly aan ons roeping. Moenie terugkyk en terugtree nie, maar hou aan vorentoe.



***Genesing in die Naam van Jesus Christus!***

Handelinge 14:22 herinner ons: **"Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom,"** daarom moet ons ons geloof versterk en getrou bly.

Psalm 34:20 sê dat **"al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal."**

'n Godvresende lewe verskoon ons nie van lyding nie. Dwarsdeur die geskiedenis het gelowige mans en vrouens vervolging en moeilikhede ondervind. Dit is deel van die lewe van Christene en ongelowiges, kerkgangers en ander. Maar dit beteken nie jy is 'n slegte of bose persoon nie. Die verskil lê egter in die feit dat wanneer 'n kind van God teenstand ondervind, ons verseker kan wees dat God daarvan weet en dat ons veilig in sy hande is.

Hoe hopeloos jou omstandighede mag lyk, jy is nie alleen nie. God gee om vir jou en is by jou net daar in jou gesukkel. Beoefen jou buitengewone geloof nog vandag.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR** - Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen 'n Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word 'n geestelike dienaar binne 'n paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 4th OCTOBER 2023**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

**To**

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**